

Titel: Die goeie, slegte en die regverdige
Pastoor: Sias le Roux
Datum: 20 Junie 2010
Tyd: 09h30



Luke 7:36-50

³⁶ En een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet; en Hy het in die huis van die Fariseër gekom en aan tafel gegaan. ³⁷ En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring: ³⁸ en agter by sy voete gaan staan en geweën; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf. ³⁹ Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares. ⁴⁰ En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon, Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester, spreek. ⁴¹ Hy sê toe: 'n Sekere geldskietter het twee skuldenaars gehad; die een het vyf honderd pennings geskuld en die ander een vyftig; ⁴² en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? ⁴³ En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel. ⁴⁴ Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog. ⁴⁵ 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. ⁴⁶ Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met salf gesalf. ⁴⁷ Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief. ⁴⁸ En Hy sê vir haar: Jou sondes is vergewe. ⁴⁹ Toe begin die wat aan tafel was, by hulleself te sê: Wie is hierdie man wat selfs die sondes vergewe? ⁵⁰ En Hy sê vir die vrou: Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.

Self-regverdiging

- **Trots a.g.v 'n persoon se eie goedheid, prestasie of feit dat jy altyd reg of beter is**

Vrugte:

- Onvermoe om te ontvang
- Werke/ gedrewendheid
- Afstand
- Oordeel

God se Regverdigheid

2 Kor 5:21

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

1 Kor 1:25-31

²⁵ Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense. ²⁶ Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; ²⁷ maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; ²⁸ en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, ²⁹ sodat geen vlees voor Hom sou roem nie. ³⁰ Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. ³¹ Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.